IDENTIFIKASIE VAN AKASIAS GESKIK VIR BONSAI

DAAN DU TOIT

INLEIDING

'n Praktiese manier om Akasias te groepeer vir identifikasie is aan die hand van hulle dorings en blomme. Carr groepeer Akasias in sy boek *The South African Acacias* in sewe groepe. (Die getal in hakies dui die aantal spesies per groep aan):

Groep 1 : reguit dorings in pare met 'n bloeiwyse wat hofievormig is - sien *Acacia galpinnii* by illustrasies. (21)

Groep 2 : reguit dorings in pare met 'n bloeiwyse wat aarvormig is - sien *A. karroo* by illustrasies. (1)

Groep 3 : dorings in pare (bestaande uit twee reguit dorings, of twee haakdorings of 'n reguit en haakdoring) met 'n bloeiwyse wat hofievormig is. (4)

Groep 4 : haakdorings in pare met 'n bloeiwyse wat aarvormig is. (12)

Groep 5 : haakdorings in drieë met 'n bloeiwyse wat aarvormig is. (1)

Groep 6 : stekels (kleinerige dorings soos die van roosbome) versprei op die stam met 'n hofievormige bloeiwyse. (3)

Groep 7 : stekels versprei op die stam met 'n aarvormige bloeiwyse. (1)

'n Algemene riglyn vir identifikasie kan as volg opgesom word:

* Bestudeer die dorings. Dit gee klaar 'n aanduiding in watter groep die boom val.
* Blare se kleur en die grootte en vorm van die sekondêre blaartjies is soms kenmerkend.
* Die karakter eienskappe van die stam is tipies.
* Peule verskil in vorm en grootte.
* Die groeivorm ,area waar dit voorkom en bloeiwyse kan in kombinasie met die ander eienskappe identifikasie vergemaklik.

ACACIA SPESIES GESKIK VIR BONSAI

Die geskiktheid van alle Suid-Afrikaanse *Acacia*-soorte vir bonsai doeleindes is vir verskeie redes nog nie ondersoek nie. Die belangrikste rede is moontlik die beskik-baarheid van geskikte bonsai materiaal in kwekerye. In hierdie lesing word daar gekyk na sommige *Acacia*-soorte wat in 'n mindere of meerdere mate geskik is vir bonsai.

A. galpinii Burtt Davy (Apiesdoring)

Dit is n groot enkelstammige boom met 'n redelik wyd verspreide ronde kroon. Die groeitempo van die boom is redelik vinnig (3 tot 5 meter binne 4 jaar).

Apiesdorings verkies diep vrugbare spoelgrond en kom baie langs rivierstrome voor. Hulle verkies vogtige areas en is matig kouebestand.

Die bas op die hoofstam vertoon liggrys en is rof met papieragtige vlakkies wat maklik afskilfer. Dit het 'n redelik groterige saamgestelde blaar (ongeveer 30 x 100